Vrystaat Landbou
Free State Agriculture
Tsa Temo Freistata

# Mediaverklaring

23 November 2021

## VL eis meer doelgerigte polisie ondersoeke om skuldiges aan die pen te laat ry

Vrystaat Landbou (VL) eis van die Minister van Polisie sowel as die Vrystaatse polisiekommissaris om plaasmoorde en – aanvalle doelgerig te ondersoek, sodat die skuldiges voor die hof gebring kan word en suksesvolle vervolging kan plaasvind.

Dié reaksie van VL volg op die uitspraak van die Brendin Horner-moord waar die twee verdagtes vrygespreek is weens onvoldoende getuienis om hulle met die moord te verbind. Jakkals le Roux, voorsitter van VL se Landelike Veiligheidskomitee, sê die organisasie vereis dat die polisie daadwerklike en verdere ondersoek instel oor wie die oortreders is ten einde die skuldiges aan die pen te laat ry.

Volgens le Roux neem moorde en ernstige misdaad op die algemene publiek toenemend toe, wat druk op die strafregstelsel plaas.

Intussen het dr Jane Buys, Veiligheidsrisiko-analis van VL, bevestig dat die Vrystaat in die tydperk 1 Julie tot 30 September 2021 reeds 13 plaasaanvalle en 3 plaasmoorde gehad het wat die lewens van 7 slagoffers geëis het. Die plaasmoorde het plaasgevind te Harrismith en Heilbron. In een geval in Harrismith is ŉ opkomende boer asook sy drie kinders vermoor. Dit wil egter voorkom asof daar nog geen arrestasies op enige van die plaasmoorde was nie.

Dr Buys noem verder dat daar in die verslagtydperk vyf aanvalle op produsente was, vier op plaaswerkers, een op ŉ veespekulant en twee op kleinhoewe bewoners. Die geografiese areas in die Vrystaat wat die meeste deur plaasaanvalle en -moorde geraak word is Ficksburg (2 plaasaanvalle), Bloemspruit (3 plaasaanvalle), Harrismith (5 plaasaanvalle), Steynsrus, Clocolan en Mafube met 1 elk. In die Mafube plaasaanval was die aanvaller noodlottig gewond. Die hoë misdaad areas t.o.v. plaasaanvalle en -moorde is dus Harrismith met 7; Bloemspruit met 3, gevolg deur Ficksburg met 2.

"Wanneer dieselfde tydperk met dié van 2019-2020 vergelyk word, is daar ŉ daling in plaasaanvalle in die Vrystaat te bespeur. In die vorige finansiële jaar was daar 19 plaasaanvalle, terwyl daar vanjaar 13 was, dus ŉ daling van 46.15%." sê Buys. Sy wys egter daarop dat wat plaasmoorde betref, daar ŉ styging van een moord is. "In die vorige

finansiële jaar was dit twee moorde waar 'n produsent en 'n opkomende boer vermoor is, teenoor dié finansiële jaar waar daar reeds drie plaasmoorde plaasgevind het."

Vrystaat Landbou vereis van die polisie om erns te maak met die uitrol van die hersiene Landelike Beveiliging Strategie (LBS). Waar tekorte, gebreke en uitdagings t.o.v. mannekrag, toerusting en voertuie reeds uitgewys is, word vereis dat die nodige intervensies van stapel gestuur word sodat hoë sigbaarheid, voorkomende aksies en operasies plaasvind ten einde landelike gebiede van beter polisiëringdienste te kan voorsien. VL meen dit is veral belangrik in die aanloop tot die feesseisoen wat groter misdaad in landelike gebiede na vore bring.

**Woordvoerders:**


Jakkals le Roux

Voorsitter Landelike Veiligheidskomitee, Vrystaat Landbou

082 781 8241

Dr Jane Buys

Veiligheidsrisiko-analis, Vrystaat Landbou

082 922 8434